HOEKOM IS DAAGLIKSE TOEWYDING SO NODIG?

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*).

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: LUKAS 9:23
(Bykomende Skrif verwysings aan die einde van die lesing)

LUKAS 9: 23 EN Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg.

-o0o-

Die Here het vanmôre weereens met my gepraat na al die aanslae en dinge wat hierdie week met my gebeur het. Die Bybel beskryf waarom ek en jy 'n toegewyde offer aan die Heilige Gees moet wees. Die Heilige Gees is juis daar om ons te help om ons tekortkominge aan te vul.

Ek wil net so 'n ietsie sê rondom **Toewyding**. Ek het baie reaksie gekry op die lering (boodskap) wat handel oor *"Die Brood Draers, oor die opdrag ... Is ek gereed om te glo?"*. (Verwys Webblad – Teachings 2023)

Clayton se reaksie op die lering van die Brooddraers:

"Na gelang van die boodskap oor die ware brood draers, daardie openbaring wat Oom Gert met ons gedeel het. Is ons gereed om met daardie mandjie te loop tussen die honger skare in, sienend dat daar net 'n stukkie brood in lê? Op Jesus se woord om uit te deel, soos ons vir satan ken, sal hy die volgende fluister: "die mense sal vir my lag. Wat as daar niks is om uit te deel nie, maak ek nie nou my naam krater nie?" Op die opdrag, is ek gereed om te glo? Het ek genoeg olie in my lampie wat ek gegee is deur die Heilige Gees, om die opdrag uit te voer? Ek moet bieg mense, ek is nog nie daar nie. Mag Jesus ons versterk in daardie opsig. Ek dink dit begin met klein stappies, en in 'n groep."

-o0o-

Op die vraag of ons altyd gereed (reg) is, is die antwoord, nee. Ons kan nooit gereed (reg) wees nie, maar daar is iets wat ons Vader vir ons beskikbaar gestel het, sodat Hy vir ons tot hulp kan wees, naamlik die hulp van die Heilige Gees. Ons het egter 'n verantwoordelikheid om na te kom.

LUKAS 9: 23 EN Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg.

Selfverloëning

Ons moet onsself daagliks verloën, ons kruis opneem en Hom volg. Ons moet 'n daaglikse toewydingsoffer aan die Vader en aan die Heilige Gees, wees.

- Dit moet 'n daaglikse toewyding aan die Vader wees van onsself, waar ons ons swakke menswees kom verklaar.

-o0o-

Ons moet onsself totaal en al oorgee aan die beheer, hantering en funksionering van die Heilige Gees deur ons. Dit moet gebeur sodat Hy die roeping kan vervul wat die Vader vir ons beplan het, voor die grondlegging van die wêreld.

- Dit wat in daardie boek geskryf is, weet net die Heilige Gees.
- Dit kan net vervul word deur Hom as ons onsself totaal en al aan Hom toewy.

Hy sal nooit enige iets teen ons eie wil doen nie, want dan is dit nog vlees. Dit is waarom Jesus op 'n stadium gesê het dat die Vader in die laaste dae mense soek wat Hom in gees en waarheid aanbid. (Joh 4:23)

- Daar moet nie meer vlees in ons wees nie.
- Daar moet geen "**ek**" wees nie.
- Dit moet absoluut die Heilige Gees wees.

Jy moet op daardie plek van totale oorgawe kom, soos wat Paulus van homself gesê het:

Galásiërs 2:20 Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

Galásiërs. 2: 21 Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe.

- Paulus het gesê dat hy nie meer leef nie, maar dat Christus Jesus in hom leef.

Toetse

Hierdie afgelope twee dae (Maandag en Dinsdag), het ek hierdie situasie deeglik besef. Maandag oggend het ek 'n baie besondere tyd met die Here gehad. Dit was nie tien minute daarna nie, toe die hel in my lewe los breek. Satan was met al sy magte bo-op my. Dit was 'n stryd (battle) gewees om staande te bly, maar ek het nie die stryd verloor nie. Dit het dwarsdeur die dag so gewoed. Net toe ek dink dat ek oorwin het, was dit Dinsdag oggend weer net so gewees. Die duiwel het my omtrent gery. Dit het tot so tot namiddag 15:00 of 16:00 se kant geduur. Dit was nie maklik nie. Dit was 'n stryd gewees om deur te gaan, maar ek het geslaag. In al die aanvalle het ek oorwin in die Naam van die Here!

Toewyding

Die Here het later met my gepraat. Hy het gesê dat dit is waarom ons die Heilige Gees daagliks moet vertrou. Ons moet onsself totaal en al aan Hom onderwerp en toewy. Dit is soos wat ek vir julle in die Salwingskursus geleer het.

- Ons moet onsself toewy aan Hom deur onsself te salf met olie, sodat die krag van God se Gees altyd deur ons sal funksioneer.

Hy weet wanneer Hy moet opstaan. Hy weet alles. Hy is alwetend. Daar kom aanvalle waar jy nog dink jy loop om 'n hoek, dan slaan die duiwel jou klaar van vooraf met 'n plank. Daar is nie dan tyd om binnekamer toe te hardloop om te gaan bid en vir die Here te vra wat om te doen nie. Daar is nie tyd nie want jy is in die stryd. Jy moet baklei en jy moet dinge doen. Dit is wanneer ons die Heilige Gees op ons nodigste het. Dit is die tyd wanneer besluite geneem moet word en dinge gesê moet word.

- Dit is waarom ons ons **monde** moet toewy.
- Ons moet **hoor** wat Hy sê.
- Ons moet **sien** soos wat Hy wil hê ons moet sien.

-o0o-

- Ons moet **dink** soos wat Hy wil hê ons moet dink en
- nie in die **vlees** wees nie.
- Ons moet **doen** soos wat Hy wil hê ons moet doen.
- Ons moet **wandel** in die weë van die Here.

Al hierdie dinge is daar om ons te laat groei, sodat ons meer en volkome afhanklik van Hom kan wees. Dit is waarom dit so belangrik is.

Waardig

Clayton het vanoggend op ons dissipel-groep gevra of ons waardig is. Op die vraag of 'n mens regtig waardig is om dit te doen, is die antwoord dat nie een van ons is nie. Die Bybel sê vir ons dat, as dit so was, ons nie die Heilige Gees nodig sou gehad het nie. Hy sê dit in Romeine 8:37. Ek het dit vanmôre gelees.

As ons regtig waardig is, hoef ons dan nie onder die Gees van God te staan nie. Dan kan ons maar self sien en kom klaar, maar ons sal 'n mislukking maak. Die van julle wat dit probeer doen sal baie gou besef hoeveel julle van die Here benodig. Veral as julle in die leeukuil stap, of in satan se lokvalle trap.

- Jy het dan die Heilige Gees nodig.
- Daar is nie dan tyd om gou Bybel te gaan lees nie.
- Daar is nie eens tyd om vir die heiliges te vra om vir jou in te tree nie.
- Jy is in 'n stryd, so jy moet doen en baklei.

'n Mens besef dan eers werklik die werking (performance) van die Heilige Gees in ons. Jy kom dan eers werklik agter hoe waardevol Hy is.

- Hy sal dit nooit doen as jy Hom nie vanoggend volkome toestemming gegee het nie.
- Dit is waarom daaglikse toewyding so belangrik is.

Besluite in die lewe

Jy kom voor 'n besluit. 'n Boer kom op 'n vendusie. Hy wil 'n dier wat hy nodig het, koop. Hy hou aan om te bie, maar dan moet hy op 'n stadium weet wanneer dit afsnytyd is. Ek het al gesien dat hy dan luister na wat die Here vir hom sê.

Dit het in Keetmanshoop (Namibië) gebeur, waar ek saam met 'n ander boer van Aroab 'n vendusie bygewoon het. Dit was 'n spog skaap ram wat hy wou gehad het. Hy het nog gebie, maar die volgende oomblik kyk hy vir my en toe sê ek dat hy moet stop. Hy het net daar gestop. Hy wou daardie ram so graag gehad het, maar toe hy voel dat hy nie verder moet gaan nie, het hy vir my gekyk en ek sê vir hom dat ek ook so voel. Nie lank daarna nie, toe stoot hulle 'n ander ram in, wat 'n fenomenale dier was. Daardie dier het vir 'n gedeelte van die prys gegaan as die vorige een. Hy het 'n beter dier gekoop vir 'n laer prys as wat hy oorspronklik vir die ander een sou betaal het.

- Dit is sulke tye wanneer 'n mens nie gou binnekamer toe kan hardloop om te bid nie.
- Sulke tye moet ons net luister na wat die Heilige Gees sê.
- Hy moet altyd in volle beheer van ons lewens wees.

Selfs al ry jy en jy vat 'n verkeerde pad. Ek praat nou oor die algemeen, mense. Dit is die lewe waarvan ek praat. Jy ry en ry en skielik besef jy dat jy 'n verkeerde pad gevat het. Jy weet nie wat om te doen nie, dan vra jy vir die Here. Die Heilige Gees sal dan vir jou sê wat om te doen. Dit het met my ook al gebeur. Dit is waarom ons die Heilige Gees nodig het.

-o0o-

- Dit is nie altyd die duiwel se aanvalle nie.

Dikwels beleef ons in die lewe omstandighede waar ons nou net die regte besluite moet neem. Dit is waar ek wil aanvul by wat Clayton gesê het. As ons daardie oorwinning gekry het, na dit wat ons deurgegaan het soos met die ram, kan ons 'n getuienis lewer van dit wat die Here vir ons gedoen het.

- Só word die Here verheerlik.
- Só word jy 'n brood draer.

Lewensverhouding

Dit gebeur net deur onder die wil van God en onder die leiding van die Heilige Gees te lewe. Dit is as jy nie meer in die vlees lewe nie. Jy kan nou die Koninkryk bou en die liggaam uitbrei met die getuienis van hoe die Heilige Gees jou gehelp het om deur 'n situasie te kom.

Ek gee dit vir julle so deur, mense. Julle sien, daar is nie kort paaie (shortcuts) nie. Dit is 'n **lewensverhouding**. Dit is nie net om gou in die oggend dagstukkies te lees en so aan nie. Nee!

- Dit is 'n lewens- en 'n liefdesverhouding wat vir ons gegee is.
- Dit is 'n lewe wat vir ons gegee is.
- Dit is 'n nuwe lewe in Christus wat vir ons gegee is.
- Dit is 'n lewe, nie meer in die vlees nie, maar 'n lewe in die Gees.

Ons kan nou die Vader in gees en waarheid aanbid. Nou kan ons in die waarheid wandel en die duiwel kan nie aan ons raak nie. Hy kan nie aan ons vat nie. Elke aanslag wat hy teen ons het, verloor hy. Ons is meer as oorwinnaars deur Christus Jesus wat ons krag gee.

Die Here seën vir julle.

Mooi dag verder.

Laat dit goed gaan.

-o0o-

Johannes 4:23 Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid.

Johannes 4:24 God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.

Romeine 8:37 Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.